

### **Sing vooraf staande: Skrifberyming 3-1:3 (51:3)**

- 3 Hy's Wonderbaar, 'n Eew'ge Vader; / Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;  
en Hy vermeerder in genade / sy heerskappy as Vredevors.  
Hy kom met vrede sonder einde, / versterk dit deur geregtigheid –  
met ywer sal Hy dit bevestig / van nou af tot in ewigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### **Lofpsalm: Skrifberyming 1-1:1 (24:1)**

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy  
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.  
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,  
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

### **Gebed**

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

### **Psalm 103:7 (p. 505)**

- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë  
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,  
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

### **Skriflesing: Markus 9**

**Teks: Markus 9:24; Kategismus Sondag 9**

**En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Here,  
kom my ongeloof te hulp! (Markus 9:24 AFR1953)**

Enige ware ouer sal hierdie man se nood en pyn oor sy kind se ellendes verstaan. Daarom sal elke ouer wat in hierdie toestand beland, ook sy totale vertrouwe op God die Vader stel.

Hier is in hierdie stukkie iets baie menslik emosioneels – maar dit is ook werklik die ware feit, naamlik dat ons juis in ons diepste nood ons eie swakheid en verlorenheid beleef.

- Dan is ons noodroep na God ons Vader soveel sterker gewortel in ons geloof.
- Die punt is dat enige mens wat 'n lewende verhouding met God het, elke dag van sy lewe sal ervaar dat God wat ons Skepper is, ook ons Vader is.

Sy Vaderskap kom daagliks uit in die manier hoe ons versorg word.

- Sy sorg raak nie net fisiese dinge nie;
- dit raak in 'n presiese, gelyke mate ook die geestelike seëninge wat oor ons kom.

Hierdie man kon by die Here Jesus gaan smeeek vir God se genade.

- Hy het geweet dat God ons Vader ons nooit in ons nood in die steek sal laat nie!

- Hy het vas geglo dat die Here die kwaad van ons af sal wegweer – en as dit nie sy wil is nie, sal Hy die kwaad so beheer dat dit wat gebeur net tot ons beswil en voordeel is.

Dis is so dat twyfel en ongeloof 'n ernstige vyand is – veral as ons in die nood is.

- Die mag van die ongeloof sal elke keer as jy ernstig in die nood is vir jou kom vertel dat die Here jou nie kan help nie.
- Of hy sal jou laat dink dat jy dalk nie vir die Here belangrik genoeg is nie.
- Of dit sal jou probeer oortuig dat jy self te sleg is om bo uit te kom in die lewe.

Daarom is die gebed so 'n belangrike deel van ons geloofslewe.

- Ons bid juis omdat ons die Here vertrou dat Hy eerlik is met die beloftes wat Hy gemaak het.
- Maar dis ook om op sy almag en sy liefde te vertrou – daar is niks wat buite die grense van sy vermoëns lê nie.

Ons bid ook omdat ons God die Vader se liefde leer ken het in die verdienste van ons Here Jesus Christus.

- Ons weet dat die Here Jesus Christus se dood gebeur het om ons te verlos van ons onbekwaamheid om die lewe te beheers.
- Ons weet ook dat die Here Jesus se dood gebeur het om ons waardig te maak vir die koninkryk van God.

Tot sover is dit maklik om al die dinge te sê, want ons praat net agter die Bybel aan. Die werklikheid is dat God ons Skepper is – dis waar ons vandaan kom.

- Met die sondeval het ons ons rug op Hom gedraai en sy Vaderskap oor ons verwerp.
- Ons het bewustelik besluit om die duiwel se aanbod te volg.
- Dis waarom die Here Jesus reguit sê dat die duiwel ons vader is!

**Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.**  
(Johannes 8:44 AFR1953)

Maar God se liefde oor ons is so groot dat Hy sy enigste Seun wat deur Hom gebore is, laat sterf het, sodat ons verhouding as sy kinders weer herstel kon word.

- So groot is God die Vader se liefde.
- Hy word mens in sy tweede Persoon en Hy kom lê persoonlik sy menslike lewe af om dit na drie dae weer op te neem.
  - Met ander woorde Hy kom sterf 'n strafdood ter wille van ons en Hy staan weer uit die dood uit op op die dag van sy keuse – die derde dag soos Hy voorspel het.
  - Die straf wat Hy dra en sy opstanding is ter wille van ons.
- Hierdie keer neem Hy ons almal wat Hy sy kinders maak, saam met Hom uit die dood uit in die lewe in – die ewige lewe.

*Die Here Jesus verrig hierdie daad – maar Hy doen dit uit gehoorsaamheid aan God die Vader. Met hierdie daad maak God die Vader ons sy kinders – versoende kinders deur die bloed van sy Seun.*

Ons weet uit die Bybel (wat God se besondere openbaring is) dat God die Vader, voordat Hy nog enige iets van die skepping tot stand gebring het, alreeds oor die mense wat Hy gaan maak en laat lewe besondere besluite geneem het.

- Hy het toe al in sy voorsienigheid besluit wie van ons Hy in die hiernamaals in sy koninkryk wil hê en wie nie.
- Hy het toe ook besluit presies wat Hy gaan doen om hulle weer met Hom te versoen en die sondes wat hulle sou doen te straf.

Luister hoe openbaar die Here dit:

**. . . soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlijkheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade . . .**

(Efesiërs 1:4-7 AFR1953)

Waar plaas dit ons nou in die lewe?

- Dit plaas ons reg in die liefde van God die Vader.
- Dit plaas ons reg in sy versorgende liefde.

Ons moet net glo en pleit op hierdie verlossing wat ons hemelse Vader vir ons beskik.

- In sy voorsienigheid het Hy dit moontlik gemaak dat ons toegang na sy troon toe mag hê deur sy Seun.
- Al wat Hy van ons vra, is dat ons met kinderlike geloof in Hom sal glo en Hom aanbid.
- Wat Hy verder vra, is dat ons sy Seun as ons enigste Verlosser sal aanneem en bely.

Kom ons kyk saam na die inhoud van die Heidelbergse Kategismus Sondag 9 wat hierdie sake raak:

**Vraag 26: Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?**

**Antwoord:** Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is. (c) Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (d). Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander (e), omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen (g).

(a) Gen 1 en 2; Eks 20:11; Job 33:4, 38, 39; Hand 4:24; 14:15; Ps 33:6; Jes 45:7. (b) Heb 1:3; Ps 104:27-30; 115:3; Matt 10:29; Ef 1:11. (c) Joh 1:12; Rom 8:15; Gal 4:5-7; Ef 1:5. (d) Ps 55:23; Matt 6:25, 26; Luk 12:22. (e) Rom 8:28. (f) Jes 46:4; Rom 10:12. (g) Matt 6:32, 33; 7:9-11.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou, is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou. Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed? Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr. M.J. du Plessis**

**Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 11 April 2010**

**Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum 19 Mei 2013**